

# *Qua Vadis?*

8+

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 105**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# LYDE - *Daarin of daardeur?*

Miskien het dit ook al jou gedagtes in beslag geneem: Die hele saak van menslike lyding.

Kinders wat sterf in groot sale. Bejaardes wat hulleself voortsleep. Jongmense wat in 'n oomblik nie meer daar is nie ... soos 'n ster wat verskiet, vinnig verskiet.

Jy het ook al gedink aan die moontlike antwoorde op hierdie diepste vrae in die lewe en sterwe van die mens.

En dan die gedagte aan 'n dieper antwoord van jou afgeskud, soos wat mens 'n lastige vlieg afskud.

Die lewe hier en nou, dit is wat tel. En as mens dan moet ly — nou ja, dan is dit tot daarheen ... Bespiegeling oor die sin van siekte en ongelukke boei jou nie. Nou wil ek bely:

Ons as christenmense ken ook lyding.

Ons word ook siek. Ongeneeslik siek, soms.

Ons sterf ook.

En tog het ons 'n anker.

Dit: God laat ons nie verdwaal in die lyde nie. Hy lei ons **daardeur**. Ons is nooit net **in** die storm nie. Ons gaan daardeur. Ons is nooit net vasgekeer nie. God maak vir ons ook deure oop.

In die siekte en swarighede, in bedruktheid en ellende en uiteindelik — deur die dood heen bly daar 'n Ligbaken, Jesus Christus.

Daarom meen ek dat jy sal begryp as ek sê dat die vier mure van die siekekamer en die wit lakens oor die bed nie 'n voorportaal is tot belemmerende engtes nie. Dit is die voorportaal tot die ruimtes —

God se vaderwoningen. Jy sien, dit maak die verskil tussen **IN** lyde en **DEUR** lyde.

Ten diepste is die verskil of ons aan Jesus Christus behoort of nie.

Daarom nooi ek jou: Kom deel in ons weelde.

Kom ervaar wat ek bedoel met daardie rus in die lyde.

Die gelowige oorgawe aan Christus in ons lyding — dit is die deurgang.

Dit is God se antwoord op ons vrae. Nie "daarin" nie, altyd daardeur heen.

## WAT VERSTAAN JY ONDER DIE WOORDJIE: GELY?

**Antw.** Dat Hy aan liggaam en siel die ganse tyd van sy lewe op die aarde, maar veral aan die end van sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het (a), sodat Hy met sy lyde as met die enigste soenoffer (b) ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis kon verlos (c), en vir ons die genade van God, geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf (d).

(a) Jes, 53:4; I Petr. 2:24; 3:18; I Tim. 2:6.

(b) Jes. 53:10; Ef. 5:2; I Kor. 5:7; I Joh. 2:2; Rom. 3:25; Hebr. 9:28; 10:14.

(c) Gal. 3:13; Kol. 1:13; Hebr. 9:12; I Petr. 1:18, 19.

(d) Rom. 3:25; II Kor. 5:21; Joh. 3:16; 6:51; Hebr. 9:15; 10:19.

(Heidelbergse Kategismus Sondag 15, Vraag 37.)

## ***MY TREURENDE VRIEND***

Waarom? Waarom juis met my?

Maar die mense haas onverstoord verby. 'n Stroom strak gesigte, elkeen na sy eie belang.

Hoe lank nog? Maar die mure swyg. Die bome kan nie antwoord nie. Die strate bly kil. Swart voëls vlieg hoog verby, nog 'n nag tegemoet. Nog 'n nag- jy krimp ineen.

In jou het iets gebreek. Onherroeplik. Dit kan nooit weer herstel nie. En niemand, niemand kan werklik iets daarvan begryp nie. Jou smart het jou omring. Dit het jou afgesonder. En jou in 'n middelpunt van ondraaglike alleenheid gelaat. Dit is jou las. Dit lê soos 'n juk op jou. Hoe meer jy beur, hoe meer skaaf dit.

As die donkerte kom, voel jy hoe die swart vingers in jou gemoed pluk. Totdat daar geen trane meer is nie. Maar die droefheid bly dof in jou kop. Later word dit met vaarte weer hewig. As jy vir die soveelste keer oor al die gebeur van vooraf mymer. As jou gedagtes bly vassteek op die wanhopige vraag: **Waarom?**

Waarom, ja, waarom? Maar dan moet jy verder! Jy moet! Jy moet jouself dwing om hierdie vraag verder deur te trek!

Waarom moes 'n ander Iemand nog meer ly as dit? Waarom moes Hy so totaal onskuldig ly en gebreek word? Waarom moes Hy een donker laatmiddag met 'n magtelose liggaam wat aan 'n stuk hout in die lug hang dit uitroep: "My God, My God, waarom het U my verlaat?" Waarom moes die bekende gesigte wat nog rondom Hom was in donkerte verdwyn, terwyl God ook van Hom af weggegaan het om Hom alleen, in helse droefheid, te laat intuïem!

### **WAAROM?**

Het jy die antwoord? My arme, arme vriend, treur jy of dwaal jy?

Die antwoord op hierdie waarom is dit: Sodat jy nooit weer in alleenheid jou smart hoeft te ly nie, nooit weer in donkerte hoeft te wanhoop nie, nooit weer sonder antwoord hoeft uit te roep nie! Dit was vir jÓú! Dáárom!

Jy vra wat help dit, jy bly sit met jou las. Maar jy moet nÓg verder! Jy moet na Sy Woord toe! Jy moet gaan luister wat Hy vir jou wil sê!

Die Woord sê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en *nederig van hart*, en julle *sal rus* vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig." (Matt. 11:28-30).

As jy gedink het jou juk is ondraaglik, dan moet jy na Hom toe! Sy genade is vir jou genoeg! Sy juk is sag en Sy las is lig! Laat staan jÓúne — neem Syne! Neem dit deur Sy Woord! Dra dit in 'n vaste geloof!

Het jy tot hiertoe saamgekom? Het die lig op jou ore geval in hierdie donkerte? Kom dan weer! Kom dan telkens na Hom toe: "...almal wat vermoeid en belas is."

Kom jy?

Kyk, nou het die donkerte opgeklar! Die nag is verby! Nou is daar net lig! Buite het die dag reeds gebreek! En 'n nuwe dag is op hande — in sy volle glorie! Want daar is Iemand! Iemand aan wie die dag behoort, Iemand aan wie jy behoort, kind van die dag! Nou word jou wáárom algaande al hoe meer 'n dáárom.

**C. J. Smit.**

### **TROOS VIR DIE TREURENDE**

My siel, wat treur jy nog verslae en is onrustig in jou lot?

Berus slegs in Gods welbehae; strek uit jou hoop na beter dae.

Verrys, herleef op sy gebod — my redder is my God.

(Ps. 43:5).

## **Genade vir die verslaafde**

### **Is jy verslaaf?**

'n Goeie vraag, sou u sê, as u dit net vir my kan help beantwoord.

Goed.

Daar is vier kenmerke by alle verslaafde mense te bespeur:

1. U het kontrole verloor oor die hoeveelheid van die verslawende middels wat u gebruik.
2. U liggaam het 'n verandering ondergaan in verdraagsaamheid t.o.v. die middel.
3. As u daarmee probeer ophou, kry u onttrekkingssimptome. U bewe en voel sleg siek.
4. Gaandeweg het alle ander belange in u lewe ondergeskik geraak aan die verkryging van die middel.

As u antwoord ja is op enige van hierdie vrae, is u reeds verslaaf.

Ek is bevrees dat u dit ook aan ander sal moet sê, eerlik en reguit.

Jy is verslaaf

En nou is jy sover. Dit maak nie vir my saak hoe jy sover gekom het nie.

Feit is, jy is verslaaf. Jy het in jou lewe alles probeer om jou probleme op te los. Jy het selfs gedrink of verdowingsmiddels gebruik.

Dit het nie gewerk nie.

Jy is nou nie net 'n verdwaalde, verwarde, siek mens nie. Jy is 'n verlore mens.

Jy is op die grens van die onbestaanbare vanwaar jy in jou wanhoop enige onbekende nommer sal skakel.

Of jy het behandeling gehad en "teruggeval". En nou glo jy nog dat daar genade is, maar . . . vir ander, nie vir jou nie, sê jy, en God is onregverdig . . .

### **Daar is genade**

Dis nie nodig om in wanhoop 'n onbekende nommer te skakel nie.

Ons het 'n nommer beskikbaar. Hierdie nommer is g-e-n-a-d-e.

En dan so: "O God, wees my arme sondaar genadig".

Wat is genade?

Genade is dit wat God doen as jy alles gedoen het wat jy kon en dit wou nie help nie.

Genade is dit wat oorbly as jy tot die besef kom dat jy verlos is. Christus het nie gekom om regverdiges **te** roep nie maar sondaars **tot bekering**. **Die** wat **gesond is het die** geneesheer

**nie nodig nie maar die wat siek is.**

**God** se verdragingsplan.

God kon jou lankal gered het as Hy wou. Maar wou jy?

Waarom sal God jou oorrompel as Hy jou kan oorreed?

Waarom sal Hy jou dwing as Hy jou kan dring met liefde?

Waarom sal God jou met 'n toom wat skaaf, inbring as Hy jou kan uitnooi met 'n sagte stem?

God werk volgens 'n plan van verdragingsplan.

Hy gee jou en my en elke mens genoeg tou . . .

Hoeveel jy daarvan wil neem laat Hy selfs toe.

Soos die vader van die Verlore Seun in die gelykenis gedoen het.

Hy het kom sê: Gee my die deel van die goed wat my toekom, met slegte bedoeling.

Die vader het gegee, al het hy van beter geweet.

Totdat . . . totdat ('n lang tyd het verloop) die seun verlang het na die peule wat die varke eet  
... en niemand het dit vir hom gegee nie.

Toe het hy besef dat hy verlore is.

Hom het die vader teruggeneem met liefde.

Die kruis is vir sondaars. Genade is vir verlore nes. Nie vir die wat hulle self help nie.

God se Seun eet saam met hoere en tollenaars en sondaars.

Dit is genade.

Vir jou en ook vir my.

**P. C. Snyman (V.D.M.)**

**Daarom moet julle  
nie onverstandig wees nie,  
maar verstaan  
wat die wil van die Here is.  
Moenie dronk word van wyn nie —  
daarin is losbandigheid;  
maar word met die Gees vervul.  
(Ef. 5:17, 18)**

# *GELEENDE TYD*

Jy het toe verneem dat dit finaal is.

Die dokter, met die grys hare langs sy slape, het stadig, versigtig, afgemete en sag met jou gepraat: Ons sal ons bes vir jou doen. Maar die diagnose lyk nie gunstig nie. Toe het hy opgestaan en jou 'n handdruk gegee. Sterkte!

Jy onthou nog so goed:

Hoe jy gesoek het na 'n vonk in sy oog wat jou hoop sterker kon laat opvlam.

Hoe jy hom nog so baie dinge wou vra.

Hoe daar vir 'n oomblik flitse uit jou verlede voor jou verbygeskiet het.

Jou vrou.

Jou kinders.

Jou finansies.

En skielik was die deur tussen jou en die dokter.

Jy staan alleen.

Nou voel jy geskok en bevrees. Iets van 'n vae skuldgevoel roer in jou.

In jou lewe het jy gehoor van God en die kerk sonder dat dit jou veel geboei het. Ek wil rustig met jou gesels. Ek wil jou vertel van Iemand wat die dood verneder het.

Laat ek eerlik wees met jou: Jy gaan baie dae ontoetsbaar geskok voel.

Mense gaan jou irriteer.

Frustrasie gaan jou oorspoel.

Jy gaan worstel met die probleem dat jou verdere lewensontploffing kort geknip is. Soos 'n dier in 'n slagyster.

By tye gaan jy aggressief word teenoor jou dokter, die verpleegster, die dominee — en teenoor God.

Jy gaan baie vrae vra en moontlik wilde bewerings maak dat God nie 'n God van liefde kan wees nie.

Jy sal waarskynlik swaar terneergedruk voel, so asof die gepols van die lewe al buite hoorafstand verdwyn het.

By tye sal die hoop weer in jou opstoot en jy sal dit gretig vasgryp met albei jou hande. Waarom sê ek al hierdie dinge aan jou?

Sodat jy kan weet dat God met jou praat. Met jou alleen in hierdie tyd.

Gaandeweg sal Sy stem duideliker word in jou lyding. Jy moet net met oorgawe luister en worstel.

Één antwoord sal jy duidelik hoor dwarsdeur alles heen:

My genade is vir jou genoeg.

Die oomblik as jy daardie antwoord klokhelder hoor, sal jy weet: God het jou gebring by die kruis.

Dáár het Christus die dood uitgedaag en oorwin.

Dáár het Hy die dood voor die bors gegryp en verneder.

Dáár het Sy oë in die dood gebreek — vir jou.

Toe dit vir Hom donker geword het, het dit vir jou lig geword.

Daardie lig word steeds helderder.

Hoe lank nog vir jou?

Wie sal antwoord?

Geleende tyd?

Nee, baie meer.

Genadetyd!

**C. J. H. Venter.**

### **TROOS IN MY AANVEGTINGE**

Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?

**Antw.** Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (a) (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het (b).

(a) Ps. 18:5, 6; 116:3 Matth. 26:38; 27:46; Hebr. 5:7.

(b) Jes. 53:5.

(Heidelbergse Kategismus, Sondag 16, Vraag 44)

### **KEN U NOG DIE GEBED?**

*Onse Vader wat in die hemele is,  
laat u Naam geheilig word,  
laat u koninkryk kom,  
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook  
op die aarde.*

*Gee ons vandag ons daaglikse brood,  
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;  
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*

*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.*

*Amen.*

# Ek behoort aan iemand

Wat 'n voorreg is dit nie om te kan sê jy behoort aan iemand nie. Iemand op wie jy 'n aanspraak het. Iemand wat maak dat jy nie eensaam is nie. Nie alleen deur die lewe gaan nie. Iemand met wie jy kan gesels. Vertroulike dinge kan medeel. Op goeie voet kan verkeer.

'n Goeie vriend.

'n Huweliksmaat.

'n Jonatan.

Of net een wat jou verstaan.

Maar dan kom die dood en daardie iemand word van jou weggeruk.

Of die duiwel het in hom ingevaar en hy het sy rug op jou gedraai. Koers gekry.

Agter jou lê reeds vlaktes van eensaamheid. En voor jou . . . jy wil liever nie daarvoor dink nie. Te veel tyd en te veel gedagtes. Ongebore gedagtes.

Dit word nie in woorde beliggaam nie. Dit bereik nie ander se ore of hart nie. Niemand om 'n intieme gedagte mee te deel nie. Niemand om 'n mooi oomblik met jou mee te maak nie.

Eensaam! Eensaamheid!

Die bangmaakwoord vir die jongeling wat nie graag deur sy maats verstoot wil word nie.

Die bangmaakwoord wanneer ons ouer word en weet dat alles tydelik is — ook menseverhoudinge.

Dink egter daaraan: By God is nie eensaamheid nie. Die Bybel gee ons die versekering:

"God laat die eensames woon in 'n huisgesin." (Ps. 68:7).

Wanneer Jesus Christus by ons intrek, is die grootste verstoteling nie meer eensaam nie. Die siek man van Betésda (Joh. 5) het op Jesus se vraag: "Wil jy gesond word?" alleen kon antwoord: "Here, ek het niemand."

Maar met Jesus verander sy lewe en hy kan sê: "Here, ek het Iemand!"

Ons word ook genooi om ons hand aan die HERE te gee (2 Kron. 30:8) Hand aan hand met God te loop. Dan is die pad nie 'n eensame pad nie.

By God het jy 'n aanspraak.

Jy het Iemand. Jy behoort aan Iemand.

Jy kan selfs soos Paulus in die storms sê: "Ek is behoue, want daar is 'n God aan wie ek behoort." Eensaamheid, om van mense verlate te wees, is nie net 'n onsalige lot nie. Dit is ook genade. Dit dryf my na gebed.

Na die HERE.

Om sy Hand te vat.

En nie te steun op menseverhoudinge wat aan tydelikheid onderworpe is nie, maar op 'n ewige verhouding met God.

**J. H. van der Walt.**

## EENSAAMHEID

O My God ontferm U oor my  
in my diepe ongeluk;  
eensaam is ek — o verhoor my! —  
gans ellendig en in druk.  
Om my heen, aan alle kant,  
is die skrik van duisend dode;  
laat dan, Heer, u regterhand  
my verlos uit al my node.

(Ps. 25:8)



# ***EK IS VERBITTERD***

Daar was nog so iemand, lank gelede. Hy was soos hyself gesê het, verbitterd tot die dood toe. Jona was sy naam. Sy verbittering was oor 'n koelteboom wat deur 'n wurmpie doodgevreet is.

## **En u?**

Waarteen gaan u verbittering?

'n Lewensmaat!  
'n Beste vriend!  
'n Kind!  
Die werk of die werkgewer?  
'n Bekende of 'n onbekende?  
Die kerk se gebruike en die kerkmense?  
Teen die ganse mensdom!  
Miskien teen God, of verbitterd teen uself?

## **En u het seker rede om verbitterd te wees**

Só het die man Jona ook gevoel.

Want die ontrou van 'n lewensmaat skok diep en sny seer. Wie te nagekom, bespotlik gemaak, nie gereken, onderwaardeer, tot leuenaar gestel is, word tot in die teerste boesem geraak. Wanneer die mees opregte bedoelinge, die skoonste wat jy vir ander wou doen, met gemene agterdog bejeën word . . . laat dit 'n saadjie van verbittering ontkiem. Woorde wat al neergeskrywe is kom in jou op: "Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tong pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe."

Hoe lank sit u onder u boompie waaraan die wurm van verbitterheid vreet?

Probeer die ander weg . . . want een les het u uit alles geleer: Verbittering is 'n wurm wat vreet.

Kom probeer dan 'n ander weg. Die weg van HOM wat Jona uit sy bitter-skadus gehelp het.

Dit is onse Here Jesus Christus.

## **Hy het rede gehad, weet u, om verbitterd te wees.**

- ... Sy werklike afkoms, Seun van God, is 'n godslastering genoem.
- ... In sy koningskap is hy bespotlik voorgestel.
- ... Hy het armes en hongeriges gehelp, daarin is Hy as 'n vraat en wynsuiper bestempel.
- ... Sy dade om blindes te laat sien en dooies te laat lewe is duiwelswerke genoem.
- ... En toe hy die skare leer om uit die gesindheid van die liefde te lewe, word Hy 'n verleier van die volk beskou.
- ... Toe Hy gegee het wat niemand wil en kan gee nie, Sy Lewe As Losprys, is dit met hooghartige borsgeslaan verwerp.

## **Wat dink u?**

Het Hy nie rede vir verbittering gehad nie?

En wat het Hy gedoen?

Gebid . . . Vader vergeef hul dit, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Staan op onder die Jona-koelteboom . . . en gaan op Jesus se Weg.

Hy gee u die vergiffenis, sodat u dit weer kan gee.

Verbittering is verterend soos kanker!

Vergifnis is die versoening wat genees.

**Ben Prinsloo.**

# WAAROM IS ONS SIEK?

## Waarom is ons in allerhande ellendes? en hoe kan dit weer reg kom en reg bly?

Die antwoord op hierdie belangrike vrae kan deur die grootste denkers van die wêreld nie nagevors en uitgedink word nie. Die Here alleen kan deur Sy Woord en Gees vir ons hier na waarheid die regte antwoord gee en dit ook reg laat begryp en ter harte neem.

Die antwoord op hierdie vrae is soos 'n boom met baie takke, 'n stam en wortels. Ons kan nie alles in een stuk beantwoord nie, maar hierdie eerste antwoord kan beskou word as die penwortel van die boom — dit is, as die allerbelangrikste van al die antwoorde.

Ons ken die gelykenis van die jongman wat sy erfenis gevra het, en van sy vader af weggegaan het na 'n ver land. Daar het hy sy kosbare erfenis deurgebring deur losbandig te lewe.

Toe het sy ellende begin: Hy word 'u varkwagter. Hy word as kneg hard en vernederend behandel en ly swaar gebrek. Ons kan dadelik verstaan dat Jesus in Lukas 15 die oog het op die mens wat van die Here af weggegaan en sonder God in die wêreld lewe.

Die jongman het nie bedoel om met sy vader te breek nie en om hom seer te maak nie. Dit het egter vir hom aantrekliker gelyk — die plesiere daar in die vreemde land — en daarom het hy weggegaan om dit te gaan geniet.

Daar is min van ons mense wat sal wil toegee dat hulle met God gebreek het en nou sonder God lewe. Maar daar is tog baie wat dieselfde as hierdie jongman gedoen het. Hulle het hulle begewe na 'n lewe wat vreemd is aan die eenvoudige Christelike lewe. Hulle hart het verlang na al die mooi en gerieflike dinge wat die aardse lewe bied — aan huise en meubels, aan klere en voertuie, aan ontspanning en plesiere. Hulle het al hulle tyd en krag begin inspan om dit alles te kan bekom. Eindelik is die Sondag ook daarvoor opgeoffer om te werk en geld te verdien of om na plesierplekke toe uit te ry. Die wêreld van God — van huisgodsdienste en kerkbesoek, van skriflees en gebed, van tyd en krag te wy aan die opbou van die koninkryk van God, is agter die rug gewerp. Daar voor was nie meer tyd en krag nie. Sonder dat hulle dit so duidelik besef, het hulle weggegaan na 'n vreemde land — inderdaad na 'n lewe sonder God.

En nou is hulle besig om daardie erfenis van onverganklike goedere deur te bring. Daardie genade om te vergewe en self met vrymoedigheid by God vergifnis te soek; om die hart voor God uit te stort en alle sorg aan Hom toe te vertrou en rus en vrede te vind, is verlore. 'n Rein hart en 'n goeie gewete, die salige bewussyn dat hulle met liggaam en siel aan die Here behoort en 'n lewe wat aan God toegewy is om in alles sy wil te doen en Hom te dien . . . ; Hierdie kosbaarste goedere van hoër orde het verlore geraak in die jaag na die tydelike dinge. Dit is alles deurgebring! So is dit miskien ook met u!

En nou roep die Vader u. Die golwe van ellende wat oor u breek, is nie net die verdiende loon vir u sonde nie, maar daarin kom die roepstem van die Vader wat nog sy hart en oog in liefde op u rig. Hy, u Skepper, weet veel beter as uself dat daar vir u net een goeie plek is waar vir u siel rus te vinde is, waar daar vir u geluk te smaak is en 'n ware en ewige lewe as erfenis wag . . . en dit is terug by die Hemelse Vader, terug in u Vader se huis.

## Die weg terug is die weg van berou en belydenis:

Die seun wat verlore was, het nie sy sonde goedgepraat en verskoning gemaak nie. Hy het gesê: "Ek sal opstaan en na my Vader gaan en ek sal vir Hom sê: "Vader, ek het gesondig . . . en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge."

Hierdie woorde spreek van skuldbesef en berou. Dit is niemand anders se skuld nie; dit is sy eie skuld. Hy het nie verskonings nie. Hy is swaar in skuld. Hy voel hom onwaardig — Hy kan maar net op genade pleit om tog nog as een van die diensknegte opgeneem te word.

Maar die Vader gee veel meer, as wat hy durf vra of as wat hy ooit kan verwag. Sonder om te verwyt neem die Vader hom weer op as sy seun en dit met groot blydschap.

Ons moet nie bang wees nie dat ons sonde te groot is om vergewe te word (soos Kaïn gespreek het) of dat ons sal afgewys word, omdat ons nie uitverkies is nie, of dat ons tog maar nie by magte sal wees om met die sonde te breek nie; of dat ons lank sal moet worstel en bid en soek voordat die Here ons sal aanneem nie. Nergens spreek die Woord van die Here van so iets nie. As die Here ons so laat wag, dan kan dit net wees omdat ons harte nog nie reg is nie, omdat daar nog nie by ons waarlik berou is nie en waarlik 'n verlange na genade en verlossing is nie.

Ons moet ook nie verwag dat die Here ons op die een of ander wonderbaarlike wyse te kenne sal gee dat Hy ons verhoor en aangeneem het nie. Sy Woord self is ons antwoord nl.: As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe. Luister maar na die evangelieroepstem van die Here.

"Neig julle oor en kom na my toe, luister en julle siel sal lewe; . . . soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagte en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jes. 55) en weer: "As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sonde te vergewe, en ons van alle ongeregtigheid te reinig." (Joh. 1). Hier is nie net die belofte van vergifnis nie, maar ook om ons van die sonde self te verlos, en ons te help om dit te oorwin. En eindelijk: "En Ek sal hom wat na my toe kom, nooit uitwerp nie."

Die stem van die Here roep u. Sal u opstaan en na u Vader gaan? Dan sal daar weer rus wees vir u gemoed en daar sal weer 'n helder ster van hoop blink oor u lewensnag en u lewe sal gevul word met wat gewigtig en verhewe is.

Die Heilige band met God, Ons Lewensbron, is herstel. Die groot voorwaarde tot beter dinge is vervul.

God self sal spoedig die storms laat bedaar, ons nag verander in 'n daeraad, ons siekte in gesondheid.

"Sy guns verduur die nagte Sy heil breek eindelijk deur. Dan skyn 'n soete vrede." (Ps. 130).

Tog is die mens nie altyd weg van God af, as die golwe en die bare oor hom begin breek nie. Ook breek die golwe van ellende nog nie altyd oor hom as hy van God af weg is nie.

**Ds. J. L. van der Merwe.**